

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

NR. 152, Aug. 1980

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

BUIG voor GESAG.

*"Eer jou vader en jou moeder,
dat jou dae verleng mag word in die land
wat die HERE jou God aan jou gee."*

(Exodus20: 12)

MEERDERES EN MINDERES.

Het dit jou nie ook al opgeval nie:

As jy dink jy is bo, is daar nog altyd weer iemand bo jou,
iemand meer as jy,
iemand met meer gesag as jy?

DIE BYBEL VERDUIDELIK.

Het jy al gesien hoe die God van die Bybel dit aan ons wil verduidelik? Hy kom met die beeld van 'n ouerpaar — 'n vader en moeder — en hulle kind. Hy sê: Eer jou vader en jou moeder. En nou is die opmerklieke juis dit dat God se wette baie wyer gaan as dit wat jy voor jou op papier sien.

Soos byvoorbeeld as die Here sê: "Jy mag nie doodslaan nie", beteken dit nie net dat ek nou nie iemand anders mag vermoor met 'n vuurwapen of 'n mes nie, maar dat ek iemand ook met my tong kan vermoor.

So ook hier.

As die Here sê: "Eer jou vader en jou moeder," dan bedoel Hy veel meer.

DIE BEGIN.

Maar Hy begin juis by die heel begin. Want die heel eerste persone wat 'n baba leer ken, is sy moeder en vader. En soos hy as kind groter word, sien hy en leer hy dat die vader en die moeder baie meer weet as hy; leer hy dat hulle hom dinge kan vra om te doen, omdat hulle meer is as hy, meer weet as hy.

So leer 'n kind by sy vader en sy moeder dat daar mense is na wie hy moet luister.

So word dit later 'n onderwyser wat oor hom gestel is.

Later leer 'n kind dat die Here ook die regeerders oor hom aanstel.

DIE GESIN.

Hy wat dus nooit geleer het om te luister na 'n vader en moeder nie, sal ook nie kan luister na andere wat telkens oor hom gestel is in die skool, die werksituasie, of na hulle wat moet regeer nie.

Reeds diep binne die huisgesin word die gawe of die kuns om te kan luister na ander se leiding, aangeleer. Gesag word dus reeds diep binne die gesin ervaar dat almal nie gelyk is nie; dat daar afstand is tussen mense; dat daar mense is wat volg.

Elkeen kan nie maar sy maak, maak soos en wanneer hy lus het nie. Ons lewe nie soos los sandkorrels los van mekaar nie. Ons lewe as ratjies en skakels langs mekaar in die mense-masjien.

DIE GEMEENSKAP.

So het die Here dit gereël dat daar mense moet wees wat moet help dat die masjien glad en geolie loop: die gesagsdraers, naamlik vaders, moeders, onderwysers, regeerders.

En waar kry hulle die gesag? Nêrens anders as van die God van die Bybel. Alle gesag is in sy hande, want Hy het dan alles gemaak, alles geskep. Mense op aarde het nie gesag, omdat hulle so goed of besonders is nie. God gee dit aan hulle. God staan agter elke ouer, elke onderwyser, elke regeerder.

Soos die maan geen lig in homself het nie, en sy glans en lig alleen van die son as bron ontvang, so ook hier.

Gesag word geleer, en dan oorgedra na ander mense.

SON EN MAAN.

Die maan is in homself 'n dooie ster. Hy het self geen gloed nie. En tog is jy bly as jy die maan, as heerser van die nag, sien, juis omdat die maan draer is van die heerlijkheid van die son; juis omdat die maan self niks is nie, maar alles van die son ontvang, is dit so mooi.

Eers ontvang, en dan gee.

Deur te dien, heers dit.

So ook met gesag.

Alle gesag op aarde bly altyd gesag van God. God handhaaf sy gesag op aarde deur mense te gebruik as ouers, regeerders, as my meerderes.

Ferdie Postma

MAAK SOOS EK SÊ!

'N VERSKONING.

Moenie maak soos ek maak nie, maak soos ek sê.

Ons ken almal al hierdie manier van sê. Gewoonlik word dit gesê as 'n ouer of as 'n meerdere nie sy/haar manier van doen kan goedpraat voor 'n kind of 'n mindere nie.

Maar jy verwag darem nog dat die kind die regte ding moet doen, en nie die verkeerde, soos jy nie.

Jy het dit seker ook 'n keer gesê, maar dan ook ondervind dat jy moeilik jou kind of jou mindere in die oë kan kyk. Jy vra hom of haar om iets te doen, of om op 'n sekere manier op te tree waarop jy self nie wil nie.

Weet jy, dis die verleentheid van hom wat in 'n gesagsposisie verkeer.

VERANTWOORDELIKHEID.

Maar kom ons sê liever dis die verantwoordelikheid van hom of haar wat 'n baas is, of wat 'n ouer is. Wat jy van ander vra, moet jyself wees, of self ook doen.

Juis dit is weer eens so 'n belangrike sluitsteen as ons praat van mense wat bevele gee aan die een kant, en mense wat bevele moet gehoorsaam aan die ander kant.

Elkeen wat dus in 'n hoë en verhewe amp oor 'n ander gestel is, moet ook weet dat aan hom of haar hoë eise gestel word. Want so 'n meerdere moet dan die God van die Bybel se mondstuk wees teenoor minderes.

BLY WAARDIG.

Daarom kan 'n meerdere of 'n ouer nooit maar laat slap lê nie. Jy moet sorg dra dat jy die posisie waarin jy geplaas is, steeds waardig bly.

En wanneer kan dit gebeur? Slegs as jy self *doen* wat jy sê, as jou daede klop met jou woorde.

DIE GEBOD.

Kom ons gaan weer terug na die gebod van die Here: Eer jou vader en jou moeder. Dit beteken mos ten diepste dat elke kind deur sy ouer die geleentheid kry om God te ontmoet, om eindelijk by dié Gesagsdraer uit te kom. Of dat elke mindere of onderdaan deur die optrede en behandeling van sy meederes die geleentheid kry om die Een te sien en te ontmoet wat alle gesag het, naamlik die God van die Bybel.

Daarom moet alle gesag betroubaar wees. 'n Ouer kan net betroubaar wees as die ouer self ook baie duidelik aan sy kinders laat sien dat hyself ook leef en optree soos een wat self onder gesag of 'n meerdere staan, naamlik die God van die Bybel.

Eers dan vertrou 'n kind sy ouer, en 'n mindere sy meerdere, of 'n werknemer sy werkgewer.

GESAGSVERTROUE.

Jy sien dus, om 'n baas te wees, moet hulle onder jou jou regtig kan vertrou. Om werklik 'n ouer te wees, moet my kinders my kan vertrou. As jy nie vertrou kan word as ouer nie, gaan jy sien hoe jou gesag gaan verkrummel teenoor jou kinders. As werknemers jou as werkgewer nie kan vertrou nie, gaan jou gesag as werkgewer in die krisis kom.

Waar vertrouwe geskok is, word moeilik gesag gehandhaaf. Hoe meer jy vertrou word, hoe makliker vloei gesag deur na minderes.

En vertrouwe word op 'n paar pilare gebou:

- jou voorbeeld teenoor minderes;
- jou werklike *omgee* vir hulle onder jou;
- ook die *hoe* van jou meerdere-wees.

Dit maak die kanaal so oop tussen meerdere en mindere.

Dan kan daar mos vroe gevra word, dinge bespreek word, omdat die vertrouwe die openheid bring.

Gehoorsaamheid teenoor mindere — ja dis die eis.

Maar wees ook 'n waardige meerdere, iemand wat kan sê: Maak soos ek sê en doen, omdat ek self ook maak soos ek sê.

Ferdie Postma

90 Km. per uur.

HOE MEER HAAS...

Dit bly maar 'n beproewing.

Ek is haastig.

Ek het soveel te doen vandag.

Boonop was daar nog 'n oponthoud ook.

Ek kan nie vandag anders nie.

Boonop is dit nie so goed vir 'n motor om aanhoudend teen 'n snelheid van 90 km./uur te ry nie.

Maar daar staan dit: Soos soldate met rooi-gehelmdede hoede staan die tekens daar. Elke kort-kort weer een: 90 km./uur.

Hierdie is tog 'n stil pad. Niemand sal tog hier besig wees om snelstrikke te stel nie. Dis veilig.

Steeds doem die een na die ander bord voor my op: 90 Km./uur.

Dis mos maar ons almal se worsteling. Dis mos maar moeilik om te luister na 'n bord, 'n dooie teken.

GOD SE BEVEL.

Maar is dit net sommer 'n teken - 'n dooie ding?

Het jy geweet dat die God van die Bybel alles te make het met snelheidsgrense?

Het jy geweet dat die God van die Bybel self alles te doen het met die 90 km./uur borde langs die pad?

Dis nie maar sommer net tekens nie. Daaragter is die lewende God van die Bybel, want die God van die Bybel is van altyd af daar en sal vir altyd daar wees.

Ons mense kom en gaan weer: Sestig, sewentig, tagtig jaar, maar God is altyd daar.

En die God regeer en onderhou ook alles. Hy is absolute regeerder, en daarom het Hy ook 'n sê oor alles en almal. Hy is die Wetgewer voor Wie alles en almal moet buig, want Hy het alles gemaak. Alle gesag is in sy hande. Hierdie gesag gee Hy nooit oor aan mense nie. Hy oefen sy gesag self uit.

GOD GEBRUIK MENSE.

Maar nou! Om sy gesag te beoefen, gebruik God mense as sy instrumente. Soos ons 'n ploeg gebruik om grond om te dolwe, so roep die God van die Bybel mense en stel Hy mense aan om sy gesag oor ander mense uit te oefen.

So roep die Here ook mense om 'n land te regeer, om God se gesag oor ander te dra. En hulle wat regeer, ondervind probleme om olie te bekom. Daarom besluit hulle as instrumente van God dat ons olie en petrol moet bespaar. 'n Manier om te bespaar, is om teen 'n snelheid van 90 km./uur te ry.

GEHOORSAAMHEID AAN GOD.

Sien jy — ons gehoorsaam nie 'n dooie padteken nie. Ons gehoorsaam die lewende God wat met ons praat deur ons regering.

En daarom ry ek nie 90 km./uur net waar 'n verkeerskonstabel my sien nie, maar ek wil 90 km. per uur ry, omdat ek die lewende God van die Bybel wil gehoorsaam.

Weet jy dat die God van die Bybel, toe Hy op aarde was, ook gehoorsaam was aan 'n menslike regering? Hulle — die mense - wou hê Hy moes 'n opstand lei teen die regering. Hy is dan so magtig. Konsekwent weier Hy, en bly gehoorsaam aan die regering, want Hy moes vir ons ongehoorsaamheid kruis toe.

Daarom vra die God van die Bybel van ons 'n snelheid van 90 km. per uur, al is dit net 'n eensame padteken daar in die vlaktes.

Ferdie Postma

"GENERATION GAP".

'N KLOOF.

Dis so elke dag 'n waarheid.

Dis iets wat so elke dag irriteer.

Dis ook nie iets wat ons ewe skielik uitgetower het nie.

Dis nie iets nuuts nie.

Dit was altyd daar, en dit sal altyd daar wees: Die kloof, soos die mense van ons dag beweer, tussen die ouer geslag wat die gesag in die hande het, en die jonger geslag wat sy maak wil maak, en sy ding wil doen.

Hierdie kortsluiting wat so maklik tot 'n vernietigende brand kan ontwikkel; striemende woorde van beide kante, het al sovele male die lug rondom hierdie saak vertroebel — die bymekaar-uitkom van die oueres en die jongeres.

Ons tyd met sy vaartversnellinge op alle terreine ondervind hierdie "uithaak" tussen die twee tydsgroepe des te meer akuut.

Dis bekende taal: "Ag, kan hy nie verstaan hoekom dit juis so gedoen word nie?" — of "Waarheen moet alles deesdae gaan?"

'N GEVAAR.

Jy het die dinge ook al self beleef. Moenie maak of dit nie bestaan nie. Moenie maak of dit niks is nie.

Wee jou as jy die gevaar daarvan onderskat!

Weet jy dat dit 'n volk totaal uitmekaar kan ruk?

Weet jy dat 'n volk se verlede en sy toekoms gebreek kan word in die hede?

Ook jy as vader of moeder moet deeglik kennis neem hiervan.

Ook jy as seun of dogter moet hiervan bewus wees, of een van die mooiste vestings wat die Here aan die mens gegee het, die huisgesin, kan aan skerwe spat.

En tog: By al die gevaar bly daar in die verskynsel iets natuurliks. Dis nie net liggaamspiere wat stram raak, of are wat verkalk nie. Die ouer generasie kan onmoontlik vir altyd geestelik soepel en buigbaar bly. Die grootste vuurvreter in sy jong dae moes later 'n bietjie bedaar. En dan moet ons maar net 'n bietjie meer wedersydse respek vir mekaar betoon, mekaar meer in liefde verdra; aan mekaar 'n plekke in die son gun.

GOD SE WIL.

Want die God van die Bybel wil my as ouere of ouer gebruik. Hy wil sy gesag deur my laat vloei na die jongeres.

Maar dieselfde God wil ook my vurige jonkheid gebruik. Is dit nie maar wat baie maal gebeur nie: Die oueres wat soms die verlede 'n bietjie oor-idealiseer, dit soms selfs deur 'n waas van romantiek bekyk.

Dit is tog so: Die verlede was immers hulle hede toe hulle nog jonk was, en hulle gebou, gestry, geoffer en oorwin het. En as die jonger generasie nie altyd ewe gou by is met hulle waardering nie — want hulle ken nie die stryd van gister en eergister nie, hulle het dit nie beleef nie, en as hulle uit reaksie soms 'n bietjie sinies word - moenie te gou oordeel nie. Laat die ouer geslag leer dat daar nooit 'n goeie tyd was nie. Die goeie ou tyd is nou, vandag!

'N ERKENNING.

Laat die jongeres weer erken: Was dit nie vir die vorige geslag nie — menslik gesprek — sou daar vandag geen nuwe geslag gewees het nie. Ons erf nie net onbetaalde rekenings van die verlede nie. O., kry ook positiewe berusting om dit ten volle te vereffen.

Oud en jonk hoef dus nie so verskillend terug te kyk nie.

Oud en jonk hoef ook nie so verskillend vorentoe te kyk nie.

Die belangrikste is hoe oud en jonk saam opkyk na die God van die Bybel. Hy het ons aan mekaar gegee, oueres en jongeres.

Lees Maleagi 4:5 en 6.

Ferdie Postma.

LYDE: daarin of daardeur.

MOEG GEDINK.

Miskien het dit ook al jou gedagtes vol gemaak en moeg gemaak: Die hele saak van lyding, van swaarkry, kinders wat sterf in groot sale, kinders wat weggeruk word uit die arms van treurende moeders, bejaardes wat hulleself moet moeite voortsleep, jongmense wat in 'n oomblik nie meer daar is nie ... soos 'n ster wat verskiet, ontsettend vinnig verskiet.

Jy het ook al gedink aan al die moontlike antwoorde op hierdie diepste vrae in die lewe en die sterwe van 'n mens. Hoe dikwels het jy nie dan die gedagte aan 'n dieper antwoord van

jou probeer afskud, soos 'n lastige vlieg nie. Dan het jy dit maar afgemaak met die gewone antwoord: Die lewe hier en nou, dit is wat tel. En as die mens dan moet ly — nouja — dan is dit maar tot daarnatoe.

'N ANTWOORD?

Niemand het tog 'n antwoord of 'n oplossing nie.

Boonop: Bespiegeling oor die hoekom van siekte en ongelukke boei jou nie. Die dood met al sy verskrikking — daarvoor bekommer ek my nie nou al nie.

CHRISTENE KRY OOK SWAAR.

Kom ons praat bietjie reguit met mekaar.

Het jy geweet dat ook christene swaarkry ken? Ook christene ken lyde. Christene word ook siek — of jy nou jonk is, en of jy oud is — soms ongeneeslik siek. Christene is self nie die dood gespaar nie. Christene sterf ook, sterf soms saam met diepe pyn.

'N VASHOUPLEK.

En tog het 'n christen 'n vashouplek.

Dit: God laat sy kinders nie verdwaal in die lyde nie. Die God van die Bybel lei ons *daardeur*. Sy kinders is nooit net *in* die storm nie. Sy kinders gaan *daardeur*.

Sy kinders is nooit net vasgekeer nie. God maak ook vir sy kinders deure oop in die siekte en swaarkry, in bedruktheid en hartseer, en uiteindelik deur die dood heen bly daar 'n ligbaken : Jesus Christus.

VOORPORTAAL TOT VRYHEID.

Daarom sal jy begryp as ek sê dat die vier mure van die siekekamer en die wit lakens oor die bed nie vir God se kinders 'n voorportaal is tot belemmerende engtes en noutes nie. Dit is juis die voorportaal tot die ruimtes - God se Vader-woning.

Jy sien, dit maak die verskil tussen *in* lyde en *deur* lyde. Ten diepste is die verskil: Behoort jy aan Jesus Christus, of nie?

UTTNODIGING.

Daarom nooi ek jou: Kom deel in die weelde van God se kinders. Kom ervaar wat bedoel word met hierdie rus in die lyde.

As jy jou gelowig oorgee in jou lyding aan Christus, dan word dit juis die deurgang.

Dis is God se antwoord op ook jou vrae.

Nie net *daarin* nie. Altyd *daardeur* heen.

Ferdie Postma.

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520. Tel. 23831.